# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

8/2026 (Skippertjie nr. 58) 6 Maart 2026

## IN HIERDIE UITGAWE


UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Atletiek
2. Beheerliggaam tussenverkiesing
3. Toetsreeks en assessering
4. Opedag
5. Pretstap
6. Buitemuurs
7. Swem
8. Buite aktiwiteite
9. Personeelverjaardae
10. Skoolfonds vir 2026


**"Don't stop when you're tired. Stop when you're done."**
David Goggins

## Afrikaanse idioom van die week

**Duim vashou vir iemand:** Hoop dat iemand suksesvol sal wees.

## 2026 SKOOLKWARTALE

**1ste:** 14 Januarie – 27 Maart
**2de:** 8 April – 26 Junie
**3de:** 21 Julie – 23 September
**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

**Verantwoordelikheid (2):** 'n Baie belangrike verantwoordelikheid wat ons as ouers het is om ons kinders die verantwoordelikheid aan te leer om 'n taak te voltooi. Ons sien gereeld by die skool dat kinders sommer gou moed opgee wanneer hulle iets moet doen. Kinders wat in 'n sekere skoolvak of met 'n sekere aktiwiteit sukkel gee sommer moed op na enkele probeerslae. Ander leerders wat na een of twee oefeninge of halfpad deur die seisoen besluit hulle gaan nie langer aan 'n aktiwiteit deelneem nie is alles voorbeelde hiervan. Baie keer laat ons as ouers dit toe. Hoekom? My antwoord hierop is dat ons ons kinders jammer kry en nie wil hê hulle moet swaar kry nie. Dit is natuurlik die verkeerdste denkwyse om te hê. Dalk moet ons nie ons kinders so maklik laat wegkom daarmee om iets op te gee net omdat dit moeilik of moeite is nie. So leer hulle niks uit swaarkry nie. Kinders moet leer dat om iets een, twee of selfs meer kere nie reg te kry nie, jou nie 'n mislukking maak nie, maar eerder dat jy eers gefaal het as jy opgegee het. Die nuutste gonswoord rakende ouerskap is *gentle parenting*. In kort beteken dit dat ouers kinders se emosionele gevoelens in ag neem met die manier hoe verkeerde gedrag hanteer word. (*Meer daaroor 'n ander keer*). Ons as volwassenes moet net pasop dat ons nie 'n generasie grootmaak wat niks vir hulleself kan doen nie en nie verantwoordelikheid neem vir hul doen en late nie. Laat ons as volwassenes dan ons kinders aanmoedig om nie moed op te gee nie en self die goeie voorbeeld stel deur nie moed op te gee nie, selfs al werk dinge nie altyd soos ons dit wil hê nie. Lekker naweek.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

### 1. Atletiek

Tydens die Eden-byeenkoms het ons atlete weer puik gevaar en die volgende atlete is in die Eden-span opgeneem (posisie in hakies):

| | |
|---|---|
| Miané Schutte: | 75m Hekkies (1) (rekord); Diskus (1) (rekord); Gewigstoot (1) |
| Mia Rossouw: | Hoogspring (2) |
| Mia Brönn: | 800 m (2) |
| Derich Wessels: | Gewigstoot (2) |
| Jesse Damons: | 200 m Hekkies (3) |
| Daniël Pienaar: | Spiesgooi (3) |
| Aaron Baron: | 100 m (3) |
| Johan Swanepoel: | Gewigstoot (3) |
| Elrie Britz: | Verspring (3) |
| Avaro Potgieter: | Spiesgooi (4) |
| Markus Killian: | Hoogspring (3) (o/9 neem nie deel by Wes-Kaap nie) |

Baie geluk aan die atlete en baie sterkte vir die Wes-Kaap Kampioenskappe wat op 7 Maart te Stellenbosch plaasvind. Ons hou vir julle duim vas!

100% Parkies

## Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za

### VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Di, 10 Mrt: Toetsreeks: EBW Gr. 7
Mosselbaai hokkieproewe
Gr. R & 1 WKOD-skooltoelatings open
Do, 12 Mrt: Toetsreeks: Engels Gr. 4-7
Vr, 13 Mrt: Toetsreeks: Wiskunde Gr. 4-7
Rugby: o/13-streeksproewe
Sa, 14 Mrt: Opedag: Gr. RRR, RR, R en 1




### BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**2. Beheerliggaam tussenverkiesing** NB!

Op Maandag, 9 Maart vind die beheerliggaam tussenverkiesing vir een vakante posisie plaas. Die verkiesing word aanlyn gedoen. U as ouer sal 'n skakel met die inligting per e-pos ontvang en moet dan vir een persoon stem. U volg net die instruksies soos die e-pos vir u aandui. Ons versoek u as ouer om deel te neem aan die stemming aangesien daar 'n kworum nodig is. *Sien die SBL-Stemgids onderaan.*

**3. Toetsreeks en assesserings**

Die toetsreeks vir graad 4-7 leerders begin volgende week. Die toetsrooster is reeds uitgestuur. Ouers word versoek om seker te maak dat leerders goed voorbereid is vir elke dag se vraestel. Dit is baie belangrik dat alle leerders elke dag skool sal bywoon. Leerders in graad 1-3 is ook besig met kwartaalassesserings. Enige afwesigheid tydens die toetsreeks en assesserings moet met 'n doktersbrief gepaard gaan. Baie sterkte met die leerdery!

**4. Opedag vir graad RRR, RR, R en 1 van 2027 – 14 Maart**

Ons Opedag vind op **Saterdag, 14 Maart 2026 om 09:00** plaas. Alle voornemende graad RRR, RR, R en 1 ouers en leerders van 2027 word uitgenooi. Stuur ook asb. vir u vriende en kennisse aan. Aansoeke vir 2027 open op 10 Maart op die WKOD-stelsel.

**5. Pretstap – 21 Maart**

Die OOV is hard aan die werk en organiseer ons jaarlikse Pretstap. Dit vind op Saterdag, 21 Maart plaas. Kyk uit vir die inligting van al die aktiwiteite wat daardie dag beplan word. Ons sien uit om u almal by die Pretstap te sien. Onthou ook om die lootjielyste terug te stuur. Baie dankie vir almal se ondersteuning. NB!

**6. Buitemuurs**

Ons het reeds met ons wintersportprogram begin. Raadpleeg die rooster sodat u weet wanneer u kind oefen en moedig asb. u kind aan om deel te neem. Dit dra baie by tot leerders se fisiese en sosiale ontwikkeling. Die ander aktiwiteite wat deur die jaar plaasvind, bv. skaak gaan ook steeds aan.

**7. Swem**

Die swemmers het hierdie week aan die Loerie-aflosgala te George-Suid deelgeneem. Ons swemspan het 'n algehele 4de plek behaal. Die skool se swemseisoen is nou verby. Baie sterkte aan al ons swemmers wat nog aan die provinsiale en nasionale kampioenskappe gaan deelneem.

**8. Buite aktiwiteite**

**Rolbal:** Baie geluk aan Wihandré Kruger wat in die Eden-o/15B span ingesluit is wat aan die SA kampioenskappe te Bloemfontein in die vakansie gaan deelneem.

**9. Personeelverjaardae**

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:

- 8 Maart: PJ van der Merwe
- 12 Maart: Desiré Jansen van Vuuren

Mag u 'n geseënde jaar beleef.




**10. Skoolfonds vir 2026**

Skoolfonds vir 2026 is as volg vasgestel:


- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



Baie dankie aan al ons ouers wat getrou hul skoolfonds betaal.

**(Daar is steeds ouers wat van die ou bankrekening gebruik maak. Ons versoek alle ouers om seker te maak u gebruik die nuwe bankbesonderhede!)**

# LAERSKOOL PARK
# SBL-Stemgids




Hierdie **Maandag, 9 Maart 2026,** nooi ons u uit om deel te neem aan ons Skoolbeheerliggaam-verkiesing deur 'n maklike en veilige elektroniese stemproses.

Op **Maandagoggend** sal u óf 'n SMS óf 'n e-pos van **VOTINGCROWD** ontvang wat u persoonlike stemskakel bevat. Klik op hierdie skakel om toegang tot die stembrief te kry.





Daar is **twee** kandidate wat vir verkiesing staan. U mag een kandidaat kies om voor te stem.



Stemming open om **07:00** en sluit om **18:00** op dieselfde dag. Slegs geregistreerde ouers is geregtig om te stem.



As u enige probleme ondervind of nie u stemskakel ontvang nie, kontak ons onmiddellik by **support@lspark.co.za**.


Verantwoordelikheid begin by jou!
PARK
VOLHARD - PERSEVERE
Karakter is om die regte ding te doen, selfs as niemand kyk nie. ~ J.C. Watts
toegewyd
stiptelik
konsensieus
Wat ook al jy besluit om te doen, wees seker jy is trots daarop.
~Walt Disney ~
100% Parkie
WEES WAARDE WENNERS
VERANTWOORDELIKHEID


PARK
VOLHARD - PERSEVERE
LAERSKOOL PARK NASORGSENTRUM
VANAF JANUARIE 2026
R 900 per maand
13:00 - 17:30
REGISTREER NOU
Navrae: 044 691 1020
Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar


ENTER ON QUICKET:
HEMELROOD EASTER HUNT
JAKKALSVLEI
EASTER HUNT
SUNDAY
5 APRIL
10:00-14:00
R145
PER PARTICIPANT
JAKKALSVLEI
HERBERTSDALE
RESTAURANT BOOKING ESSENTIAL | Takeaway area on the grass downstairs will be open
Tel: 044 333 0222 | info@jakkalsvlei.co.za | www.jakkalsvlei.co.za
HIPPITY HOPPITY
PROCEEDS WILL GO TOWARDS THE HERBERTSDALE SCHOOL BUS


Zegrity Tennis
Improving your game today
Ons bied tennis programme vanaf die ouderdom van 4 jaar tot volwasse spelers.
Rensia De Lange
083 384 0021 / rensia@zegrity.co.za

NIEK HARTEVELD

OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST

# CONTACT US

044 695 1688

066 562 6754

nho@niekoptom.co.za

9 Ryk Tulbach Str,
Da Nova, Mossel Bay




# Property Finance

## Best Rate & Deal

## WORLDWIDE



- First-time home buyers
- Building a profitable property portfolio
- Building Loans
- Families upgrading their homes
- Clients looking to refinance
- Salaried and self-employed applicants
- South Africans living / working abroad



See why South Africans trust us.
Results speak louder than words.

www.m-ortgage.com info@m-ortgage.com 065 827 8898


Lian
JUNIOR BARBER
PRICE LIST
CHOOSE YOUR STYLE
Gents Cut R90
Scholar Cut R70
Pensioners R 80
Beard Shaving and Shaping R50
BOOK NOW
079 970 7114 / 060 322 6370
Caramia Facebook Page
Cnr Marsh and Field Str, Mossel Bay
OPENING HOURS
MONDAY - FRIDAY
08:00 - 17:00
SATURDAY 8:00 - 13:00


ReACTIVate
RETRO ACTIVITIES AND EATERY
Book your Experience
Play Sessions and kids party bookings
ACTIVATE
R3 500
2 hours play time
Up to 10 children
Supervised play area
Basic decorations
Party Packs Included
ELEVATE
R4 300
2 hours play time
Up to 10 children
Supervised play area
Premium decorations
Party Packs Included
Kids meal & drinks
DOMINATE
R5 300
2 hours play time
Up to 10 children
Supervised play area
Deluxe decorations
Party Packs Included
Kids meal & drinks
Birthday cake
MOST POPULAR
CONTACT NO.
+27 79 697 2457
WEBSITE
www.reactivate-retro.co.za

# Loyalty program @ KwaNonqaba Pharmacy

## Why Choose us:

We handle your chronic authorizations
All medical schemes accepted
**Free and convenient delivery services**
Wellness programs
A loyalty program that gives back to your community

## The Loyalty Program:

Earn points on your purchases
Donate points to a school of your choice
Support education while shopping

alpha pharmacies

PARK
VOLHARD - PERSEVERE

## Full range of services include:

- Health Screens
- Medical Aid Wellness Screens
- Family Planning
- Baby Clinic
- Vaccinations

## Front Shop Offerings:

- Pharmacy essentials
- Vitamins and minerals
- First aid
- Medical appliances
- Gifts
- Body and beauty
- Studex earrings
- Essence beauty make-up range

info@kwanonqaba.co.za

2 Mooney Street, KwaNonqaba

074 612 8909 044 693 1490

ASTRON ENERGY
QUARTECH

# D'Almeida Service Station

## LAERSKOOL PARK
### LOYALTY CARD PROGRAM

**Points are pointless,**
**CASH IS KING**

## HOW IT WORKS

- Once you have your loyalty card in hand, activating it is effortless.
- Scan the QR code provided on the card to access the sign-up link.
- Enter your basic details and set up your account in moments—no paperwork, no hassle.
- As soon as you're registered, your loyalty card is live, and you can start collecting rewards with every transaction.
- Use your loyalty rewards to make purchases in store or at the pumps.

**Enjoy 10c per litre** cash back on fuel **while your school earns** another 10c per litre.

and

Earn **2.5% cash back** in-store and **we'll match it** with 2.5% for your school.




ASTRON
ENERGY
D'ALMEIDA

044 693 1997

13 Mossel Street, D'Almeida, Mossel Bay
(Behind Builder's Home)